**Huiswerkvel 13 (Hoofstuk 7)**

**a) Kenmerke van literêre tekste (PROSA)**

**Die eienskappe van prosa soos in die kortverhaal** is in die hoofstuk bespreek. Jy kan ook die Opskerpgids raadpleeg om die oefening te voltooi.
Pas die verklaring in Kolom B by die eienskap in Kolom A. Skryf beide die begrip in Kolom A en die korrekte verklaring uit Kolom B langs die nommer van die vraag in jou werkboek.

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1 | ruimte | die sentrale idee van die verhaal |
| 2 | verteller | die mense of dinge wat in die verhaal optree |
| 3 | karakters | botsing tussen die karakters of binne die karakter self |
| 4 | intrige | die plan waarvolgens die verhaal verloop/die gebeure in die verhaal |
| 5 | hoogtepunt/klimaks | die plek waar die verhaal afspeel |
| 6 | tema | die een uit wie se perspektief die verhaal vertel word |
| 7 | konflik | die les wat die leser uit die verhaal haal |
| 8 | boodskap | twee uiterstes word teenoor mekaar gestel |
| 9 | vergelyk | om vas te stel op watter maniere dinge dieselfde is |
| 10 | kontrasteer | die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die verhaal |

**b) Kenmerke van literêre tekste (GEDIGTE)**

**Die eienskappe van ’n gedig** is in die hoofstuk bespreek. Jy kan ook die Opskerpgids raadpleeg om die oefening te voltooi.
Pas die verklaring in Kolom B by die eienskap in Kolom A. Skryf beide die begrip in Kolom A en die korrekte verklaring uit Kolom B langs die nommer van die vraag in jou werkboek

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1 | tipografie | twee dinge word teenoormekaar gestel |
| 2 | spreker | vergelyking, metafoor, personifikasie |
| 3 | tema/boodskap | die een wat in die gedig praat |
| 4 | stemming | dit wat die digter vir die leser wil sê/waaroor die gedig gaan |
| 5 | personifikasie | die atmosfeer in die gedig en/of die emosie van die karakters |
| 6 | voorbeelde van stylfigure | hoe die gedig se woorde op die papier gedruk is |
| 7 | voorbeelde van beeldspraak | twee dinge word vergelyk sonder om soos te gebruik |
| 8 | kontras | die gedig het nie ’n vaste rymskema nie, die versreëls is nie ewe lank nie, daar is min of geen leestekens |
| 9 | metafoor | lewelose dinge kry menslike eienskappe |
| 10 | vrye vers | inversie, klanknabootsing, ironie, spot, sarkasme, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia |

Hierdie bladsy mag gekopieer word.